




SKRYFKURSUS

MODULE 7

Perspektief en verteller deur Annerle Barnard, bekroonde jeugfiksieskrywer.


Indien jy belangstel om op Barnard se nuusbrieff in te teken ten einde gratis inligtingstukke en skryfwenke te ontvang, teken aan op die volgende webblad:

<https://annerlebarnard.co.za/>





BIOGRAFIE:



Annerle Barnard is op 30 April in Musina gebore. Aan die einde van haar Graad 4-jaar verhuis hulle en verruil die Bosveld se massiewe onderstebo-bome vir die rooi vlaktes van die Noordwes. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1993 voltooi sy 'n BA (Hons) (Engels) aan die Noordwes-Universiteit. Daarna volg 'n Hoër Onderwys Diploma. Aanvanklik hou sy skool, maar beweeg haar later in die korporatiewe sektor.

Barnard is getroud en het twee sportiewe seuns en 'n wonderlike, ewe sportiewe, stiefdogter. Barnard hou van lees, reis en die natuur. En noodgedwonge kyk sy redelik baie sport.

PERSPEKTIEF EN VERTELLER: WAT IS DIE VERSKIL?

Die **perspektief** sluit die karakter se gedagtes, gevoelens en interpretasie in (kyk na die prentjie). Die **verteller** het te doen met die wyse waarop die teks geskryf word en deur wie gefokaliseer word.

Voordat jy begin skryf, vra jousef af: wie se storie is die? Uit wie se perspektief gaan die verhaal weergegee word? **Fokalisering** is die perspektief waaruit die verhaal weergegee word en dit sluit die karakter uit wie se perspektief die verhaal weergegee word, in.

1. Wie is die fokaliseerder in *Sweepslag*?


2. Wie is die fokaliseerder in *Sindikaat*?

3. Noem enige voorbeeld uit die teks wat vir jou aandui dat Paul soos 'n tiener optree en nie soos 'n volwassene nie. (Wat doen/dink/sê hy wat jou ouers/onderwysers, byvoorbeeld, nooit sou doen nie?)

4. Wie is die fokaliseerder in *Spel*?



PERSPEKTIEF:



As die skrywer van 'n jeugroman byvoorbeeld 40 of 60 jaar oud is, mag die skrywer se perspektief nie deurskemer nie. Die perspektief op gebeure moet dié van 'n tiener wees.

Barnard bespreek daarom elkeen van haar jong protagoniste met 'n sielkundige (wat slegs met jongmense werk) om vas te stel watter besluite 'n jong persoon sou neem indien hulle voor spesifieke keuses te staan sou kom. Sy vra ook tiener betalesers (persone wat boeke lees en kommentaar lewer) se insette op haar manuskripte.

1. Onthou: die karakter wie se perspektief gebruik word, kan hom-/haarself nie sien nie. Dink aan iemand wat deur 'n kameralens kyk. Hy/Sy kan homself/haarself slegs in 'n spieël sien. As Celaena Sardothien die fokaliseerder in *die Throne of Glass* reeks is, kan sy nie sien dat die son op haar hare blink nie. Sy kan wel opmerk dat haar wange warm voel en daaruit aflei dat sy bloos of dalk sonbrand opgedoen het.
2. As 'n karakter fokaliseer, kan hy/sy onbewus wees van iets wat buite sig is. Hy kan homself nie ná 'n rugbywedstryd bewusteloos sien nie.

VERTELLERS:

EERSTEPERSOONSVERTELLER:

In die tradisionele eerstepersoon/ek-perspektief, is die protagonis ook die verteller. Dit beteken dat die verteller (en leser) slegs weet wat die protagonis weet. Dis 'n baie intieme soort perspektief.

Nadele:

1. Om in die tradisionele eerstepersoon te vertel het sy eie uitdagings, want die leser kan slegs die protagonis volg en weet wat die protagonis/fokaliseerder weet.



- Die eerstepersoonsperspektief word dikwels vir chick-lit asook jeugfiksie gebruik. Wanneer jy in die eerstepersoon skryf, wees versigtig om nie te vertel (mee te deel) nie, maar steeds te wys (te beleef).

Boeke in die tradisionele eerstepersoonsperspektief:

- *The Hunger Games* deur Suzanne Collins
- *Divergent* deur Veronica Roth
- *Matched*, Allie Condie
- *The Perks of Being a Wallflower* deur Stephen Chbosky
- *Great Expectations* deur Charles Dickens
- *The Adventures of Huckleberry Finn* deur Mark Twain

Voordele:

- Die leser leer die protagonis werklik ken, want die leser het insig in die gedagtes van die protagonis.
- Dit voel asof die leser saam met die protagonis is en elke moment saam met hom/haar beleef.

TWEEDEPERSOONSVERTELLER:

Hierdie manier van fokalisasie (jy-perspektief) is seldsaam en kan maklik kunsmatig klink.

Kyk na Willem Anker se literêre werk, *Skepse!*. Anker maak in hierdie uitstekende literêre teks in afsonderlike hoofstukke van drie verskillende vertellers gebruik.

VEELVULDIGE VS. BEPERKTE DERDEPERSOONSPERSPEKTIEF:

Die **veelvuldige derdepersoonsperspektief** behels dat 'n aantal uitgesoekte karakters se perspektiewe gebruik word.

Gebruik een fokaliseerder per keer en maak dit duidelik wanneer jy van een perspektiefkarakter/fokaliseerder na 'n ander skuif. Allokeer dalk 'n hoofstuk aan 'n spesifieke fokaliseerder en beperk jou fokaliseerders tot drie (maksimum vyf). Perspektiewisseling vind aan die einde van 'n toneel plaas.

Die **beperkte derdepersoonsperspektief** is so naby as wat jy aan die eerstepersoonsverteller kan kom sónder om in die karakter se kop te wees.



Die **beperkte derdepersoonsperspektief** beteken dat slegs een karakter (protagonis) die fokaliseerder is, of slegs een karakter se perspektief op 'n keer weergegee word, m.a.w. een perspektiefkarakter fokaliseer op 'n slag. **Indien meer as een perspektiefkarakter gebruik word, is dit steeds die ideaal om beperkte perspektief te gebruik — een perspektiefkarakter fokaliseer op 'n keer.**

Voordele van die derdepersoonsperspektief:

- Die leser sien 'n bietjie meer as bloot net dit wat die protagonis weet.

OPDRAG:

1. Lees *Sindikaat*, bl. 29 en *Spel*, bl. 200 & 214, as voorbeelde van 'n derdepersoonverteller.
2. Skryf 'n toneel (ongeveer 250 woorde) vanuit die beperkte derdepersoonsperspektief waar jou karakter 'n koffiewinkel binnestap. Hy/sy gaan sit en plaas sy/haar bestelling. Wat sien/ruik/voel/beleef hy of sy?
3. Herskryf dieselfde toneel in die eerste persoon. Wat verander?

DIE ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER:

Voordele:

1. Daar is niks vir hierdie verteller verborge nie. Hy weet alles van almal af. Hierdie verteller het 'n 360-grade beeld van alles. (Dink hier aan 'n almagtige wese wat alles van almal af weet.)
2. **Hierdie tipe alwetende perspektief sal slegs in literêre fiksie aangetref word. In genrefiksie of kommersiële fiksie is dit taboe (en outyds).**

Nadele:

1. Hierdie is die moeilikste van almal omdat die moontlikhede ad infinitum is.
2. Die verteller kan te eniger tyd in enige karakter se kop inklim, maar die skrywer/verteller se teenwoordigheid in die storie moet heeltemal onopsigtelik wees.
3. Die verteller kan gebeure antisipeer wat nog nie plaasgevind het nie en selfs tegelykertyd op meer as een plek wees.



OPDRAG 1:

Beperte derdepersoonsperspektief: WAT IS FOUT?

Joe skop die bal teen sy kasdeur vas. Sy naels druk in sy handpalms in. Dit voel of sy brein pols. “Ek is dik vir hierdie familie se nonsens. Hoor jy, Alet? As dit nie jý is nie, is dit Mariaan of ... Nee, vrekkit! Niemand los my in vrede nie.” Hy skop die bal weer. Alet koes. Hy ruk die deur oop en storm gangaf.

“Wat is sy case?” Mariaan frons.

“Vet alleen weet.” Alet wens sy het geweet wat Joe se probleem is. Iets het verander. As Joe net nie so hardkoppig was nie.

Wat is fout met bostaande teks? (Noem 2 foute. Wenk: As Joe die perspektiefkarakter is, is die laaste 3 reëls korrek?)

OPDRAG 2:

Jy het na afloop van Module 1 ‘n storie (350 — 450 woorde) geskryf. Herskryf nou daardie storie en maak seker dat jou perspektief korrek is. Wys. Moenie vertel nie (soos bespreek in Module 4). Fokus op alles wat jy gedurende die kursus geleer het.